
# Ons Kerkmusiek op die Breë Weg?

DEUR H. KALDENBERG

Baie mense meen dat Sarie Marais ook geskik is om in die kerk gespeel te word — as dit net baie stadig gespeel word. In hierdie artikel pleit die skrywer, wat orrelis is in die gemeente Paarl-vallei, vir die vervanging van die wêreldse musiek deur suiwer geestelike musiek in ons kerke, en vir die verskaffing van geriewe vir opleiding in kerkmusiek.



Om die gemeentesang tot groter luister op te voer sing die kinderstemme die wysie terwyl die koor die sang met teësang versier. Mnr. Kaldenberg rig die kinders en die koor af in die kerk.

AS 'n orrelis hoor van 'n gemeentelid wat so baie deur die *Largo* van Händel gestig word dat sy verlang om dit op haar sterfbed te hoor, dan kan hy nie sommer weier om dié musiek in die kerk te speel nie, al weet hy dat hierdie musiek nie die godsdienstige agtergrond het wat kerkgangers daarin meen te hoor nie. Want hierdie musiek is deur Händel geskrywe vir die opera *Xerxes* en vertolk die gevoel van die held as hy droom van sy beminde.

Dit is dus nie kerkmusiek nie, en diegene wat ernstig en met eerbied dink aan die waardigheid en doel van die erediens, moet hul dus twee vrae stel: Wat is kerkmusiek, en moet ons in ons kerkdienste nog verskil maak tussen wêreldse en geestelike of kerkmusiek?

Die kerkdiens is die ontmoeting van God en sy volk, van die Heer en sy gemeente. Die ganse kerkdiens staan in die teken van die gebed. In dié ontmoeting openbaar God Homself, en ons luister. Ons lê ons harte oop en God hoor. Elke handeling in die kerkdiens is 'n gebedshandeling en dit verg die diepste eerbied.

Wanneer aan die diepste roersele van die siel uiting gegee word, kom daar musiek. Dan word die lied gebore. Die lied laat die woord dieper in die siel sink. Die musikale vorm van ons kerkdienste is daarom 'n suiwer godsdienstige saak—dit is 'n saak van die geloof.

Dit is nie slegs die skoonheid wat nagestreef moet word nie, maar die egte, die waaragtige, en daarin word die kerkmusiek ook die hoogste kuns.

In die gemeentesang moet die woord en die melodie dus saamsmelt om uiting te gee aan die diepste en suiwerste godsdienstige gevoel van die gemeente: Dit moet die gemeenskap hegter snoer, die geloof versterk, die denke rig tot God, 'n loflied wees vir die Allerhoogste.

Daar is van ons ou psalmwysies wat hierdie grootse doel pragtig dien. 'n Mens dink hier veral aan die oorspronklike wysies van Maistre Pierre en Bourgois, wat as die beste van ons kerkmelodieë beskou kan word. As hierdie heerlike kerkliedere behoorlik geoefen word, sal die vreugde en genot wat hulle verskaf, veel dieper wees as in die geval van die maklike wysies, wat gewoonlik so „lekker" gesing word. Dit is die moeite werd om die oorspronklike wysies te oefen van b.v. Psalms 6, 17, 19, 32, 40, 77, 90, 91, 99, 103, 121, 130, 141.

Die eenstemmige sang van ons korale is die heerlike taak van die hele gemeente. Om die gemeentelied te beklemtoon en tot dieper uitdrukking te bring, kan die sang soms gewissel word: die koor kan die gemeente meerstemmig ondersteun, of, as daar 'n groot aantal versies is wat gesing moet word, kan die koor afwisselend met die gemeente sing. Om die gemeentesang tot groter luister op te voer, kan die koor, as die gemeente oorbekende wysies sing, die sang met 'n teësang versier (*cantus firmus*-sang). Besonder treffend klink die sang as die wysie afwisselend deur vroue of kinderstemme en die gemeente gesing word. 'n Singende kerk is 'n kerk wat leef.

Dit lei ons tot die kerkkoor.

Die kerkkoor het ontstaan in die tyd van die Hervorming. In die Roomse kerk was die kerksang, teen die verordening van die apostel in (vgl. Efese 5: 17) oorgedra aan die priesters, en die gemeente is die swye opgelê.

Luther het die geestelike lied weer op die lippe van sy gemeentes gebring. Dit, en die hervormingsliedere het, volgens Roomse getuienis, meer ketters gemaak as al die ander woorde en geskrifte van Luther.

Hier lê ook die geboorte van die evangeliese kerkkoor, want dit was nie die orrel nie maar die koor se taak om die gemeente die nuwe wysies te leer.

Toe het ook die gewoonte ontstaan dat die koor en die gemeente saam sing. Die hoë koorstemme het teen die koraalwysie gediskanteer en Luther het daarvan geesdriftig getuig: „Dit was vir my of die stemme van die koor 'n hemelse reidans om die eenvoudige wysie uitgevoer het. Dit is of hulle mekaar begroet en omarm, sodat elkeen wat dit enigsins verstaan, daardeur bewoë word."

Die koor dien dus in die eerste plek om die gemeente in die lofuitinge en aanbidding te lei en aan te vul. Hy is nie daar om te vermaak en afwisseling te verskaf nie,

Hierdie orrel in die Ned. Herv. Kerk te Drachten, Nederland, is een van die beste voorbeelde van sy soort: edel, waardig en konstant van klank.



maar hy moet die gemeentesang tot groter hoogtes voer en verinnig. Om hierdie rede moet die koor elke Sondag op sy pos wees.

Wat die koor moet sing is duidelik: musiek en woorde moet 'n kerklike karakter dra. Dit moet deurgaans eenvoudig wees en nie die karakter van konsertmusiek toon nie. Die beroemde „Halleluja"-koor van Händel sal b.v. nie in ons erediens tuishoort nie. Dit is geskrywe vir die konsertsaal.

Uit die aard van die ou Christelike erediens kan daar geen plek in die kerk wees vir solo-sang nie. As by wyse van uitsondering daarvan gebruik gemaak word, moet dit tog steeds nog in verband met die koor of gemeentesang geskied.

En wat van die sang by die troudienste? Dit skok en stem tot droefheid wanneer die bruidspaar na die inseëning, na die orrel toe draai om te luister na.... „Because"! Die sang word uitgevoer op „singende saag"-styl en op volmaakte bioskooporrel-wyse begelei. Dit is die inleiding tot die gesamentlike gebed vir die bruidspaar!

By 'n ander geleentheid trou 'n bruid van omtrent 20 met 'n bruidegom van ruim 60. Die woordjies wat hulle toegesing word, in die kerk is: sonskyn op my donker pad.... trooster in my eensaamheid.... lief oë wat so helder skyn.... lief hande.... lief hart, ens.

Nee, dit is bepaald onstigtelik. Hierdie soort woorde en musiek pas net so min in die kerk as „Bolandse Nooientjie" op die kerkorrel, al word dit ook hoe stadig gespeel.

Hierdie musiek hoort nie tuis op 'n kerkorrel nie, en 'n kerkorrel is nie hierdie modernistiese konsertorrels nie. Hierdie orrels is by uitstek geskik om al bewende die gevoel en emosies van die speler te vertolk—sy vreugde en droefheid, haat en liefde, geluk en teleurstelling.

Die ware kerkorrel is edel, waardig en konstant van klank. Dit is geen nabootsing van 'n orkes nie. Dit het 'n eie taal, sy toon is vas, onbeweeglik en by uitstek geskik om die ewigheidsgedagte te vertolk.

En wat musiek betref om op hierdie waardige instrument te vertolk, is daar 'n skat van koraalbewerkings en geestelike liedere wat gedurende die afgelope 500 jaar geskep is. As 'n mens dink dat die werke van Bach almal gedra word deur die een gedagte om aan God alleen die eer te bring, dan besef ons waarom ons nie die gawes, wat deur diepe geloofsoortuiging ontstaan het, ongebruik kan laat nie. Daar is 'n ruime keuse in musiek, ook wat aanpas by die gemeentelede wat nie in die musiek opgelei is nie, en dit is nooit nodig om die gemeente met bewerkings van wêreldlike musiek af te skeep nie. (*Vervolg op bladsy 56*)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

# ONS KERKMUSIEK OP DIE BREË WEG?

Net soos die koorwerke, mag die selfstandige orrelspel nooit die karakter van konsertmusiek dra nie. 'Dit moet uitdrukking gee aan die gevoel van verheffing en aanbidding, waarvoor soos Augustinus dit uitdruk, geen woorde gevind kan word nie. Beethoven, Wagner, Chopin en hulle geesgenote is geweldige genieë, maar hul musiek hoort nie in die kerk tuis nie.

Dit is verblydend dat reeds pionierswerk gedoen word in verband met die herlewing van die ware kerkmusiek in Suid-Afrika, maar ds. Loots van die Paarl en prof. dr. G. G. Cillié jr., van Stellenbosch, staan helaas nog baie alleen. Miskien behoort die kerk self leiding te gee aan die predikante en orreliste wat worstel met die probleem. Dit is wenslik dat daar 'n opleidingsinrigting in die land gestig word waar orreliste opgelei kan word om die bestaande kerkmusiek op gepaste wyse te gebruik. Die kerk in Duitsland, Switserland en Engeland het hul eie inrigtings waar predikante ook opleiding in kerkmusiek kry.

As ons in ag neem watter volmaakte musiekskole die Roomse kerk dwarsdeur die wêreld besit, sal ons besef watter heerlike werk nog deur ons kerk op hierdie gebied gedoen kan word. Miskien kan ons gesamentlik die hand aan die ploeg slaan en uitvoering gee aan die gebod: „Sing vir die Here 'n nuwe lied." ★

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012